**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin

**27 November 2022**





**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**


***Eredienste begin 09:30***

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Lukas 2: 21 - 40

**Tema** Verstaan ons die volle waarheid van Christus se geboorte?

**Sang**
Lied 339: 1, 2
Skrifberyming 12-3: 1, 2
Psalm 38: 3, 17
Psalm 105: 2
Psalm 105: 5
Lied 354: 2, 4

Die Heilige Gees lei Simeon hier om die ware boodskap van die geboorte van ons Here Jesus Christus te verkondig. Hierdie woorde word baie selde met Jesus en in besonder met Kersfees geassosieer. In ons teksverse word vier dinge weergegee wat Simeon vir Maria gesê het: Hierdie Kindjie is bestem tot 'n val van baie; Hierdie Kindjie is bestem tot 'n opstanding van baie; Hierdie Kindjie is bestem tot 'n teken wat weerspreek sal word; Daar sal 'n swaard deur Maria se siel gaan.

Hy is volgens God se ewige plan die enigste Deur terug na die Vader toe. Hy staan soos 'n Reuseklip in die pad van mense wat dink dat daar ander verlossers en ander godsdiensteis, wat hulle ook by God kan uitbring en in die pad van mense wat dink dat hulle met hulle eie geestelike kragte en prestasies by God kan uitkom; Hy's 'n Rots wat God daar neergesit het waaroor ongelowige en onbekeerde sondaars en geestelik-hoogmoedige mense struikel, waarteen hulle hulle te pletter loop en val.

Hierdie Kind is deur God gestuur en aangestel as ’n teken. ’n Teken van God se liefde vir hierdie wêreld! Maar Hy’s ’n teken wat weerspreek gaan word. Mense gaan teen Hom praat. Hulle gaan sê Jesus van Nasaret is nie ’n teken van God se liefde nie. Hy’s nie deur God gestuur nie. Hy kom nie uit die hemel uit nie. Hy’s sommer net Josef en Maria se seun! En so gaan dit wat mense regtig dink, openbaar word. So gaan mense se werklike gesindheid teenoor God aan die lig kom.  As mense oor Jesus praat, gaan jy agterkom wie regtig vir God is en wie eintlik teen Hom is. As mense met Jesus van Nasaret gekonfronteer word, val die maskers af!

Dis opvallend dat Simeon hier van ’n buitengewone dik, breë swaard praat wat destyds met barbaarse optrede geassosieer is. Die swaard het ’n buitengewone groot wond gemaak het. Maria, oor hierdie Kind gaan jy buitengewone hartseer hê. Simeon praat van die pyn en die smart van ’n ma wat aan die voet van haar onskuldige Seun se kruis sou staan. Reeds kort na die geboorte van die Here Jesus, tel ons al die spore van die latere kruisiging op. Hier, ’n bietjie meer as ’n maand na Sy geboorte, val die skaduwee van die kruis al oor Maria en oor Jesus.

En as jy oor die kruisiging van Jesus praat, praat jy van die sondes van mense, want die kruisiging is die bewys dat die mens sondaar is en sonde doen en dat God sonde haat en dat Hy dit, eerder as om dit ongestraf te laat bly, aan Sy geliefde Seun gestraf het met die bittere en smadelike kruisdood. Die doop herinner ons dat Christus se bloed ons siele skoon was met sy bloed. Jesus is ons opstanding. Daarom kan elkeen wat platgeslaan is oor hulle eie sondigheid en sondes, as’t ware uit die dood uit opstaan, en ’n nuwe lewe begin, omdat hulle sonde in Jesus Christus vergewe is. Wie van opstanding praat, praat van mense wat deur die woeste storms en golwe van beproewings wat in hierdie lewe oor mense gaan, platgevee was, maar wat opgestaan het, omdat Jesus Immanuel is, God met ons is, ook in die donkerste nag, en omdat ons Sy Gees gekry het, die Heilige Gees, God in ons, wat oral saam ons is, Wie se hand ons oral lei en Wie se regterhand ons oral vashou. Mag ons die volle boodskap van Jesus se geboorte reg hoor en baie reg verstaan!

# OOG VIR MEKAAR



- * Ons bid vir Gerhard Maritz wat 11 weke in die intensiewe sorgeenheid is. Seën vir Martie en Johan wat hom steeds getrou bystaan en bemoedig.
- * Antoinette Sauerman het 'n handoperasie ondergaan. Ons bid dat die pyn vinnig onder beheer sal wees.
- * Baie geluk aan die ouers wat vandag doop: Anthony en Mart-Alet Schneehage; Nico en Ina-Mari Swanepoel en Chantel de Lange. Baie welkom in ons erediens en baie geluk aan die oupas en oumas. Geniet julle kleinkinders.
- * Ons vra voorbidding vir Maandag se Kerkraads-vergadering en Dinsdag se Streeksinode. Ons eksamineer 2 broeders by die Sinode wat wil proponeer.
- * Ons is baie dankbaar dat die eksamen by die skole ten einde loop. Sterkte vir die kinders, ouers en onderwysers wat nog skryf.
- * Teologiese student Phillip Wepener preek die volgende 3 Sondae. Ds Sarel preek weer Kersfees en 1 Januarie 2023.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 27 NOV

**Diensbeurt: Wyk 17**
**Ouderling: Fanie Hattingh**

**Katkisasie: Geen**
**Diaken: Theyman Jongbloed**

***Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat hulle voor die erediens in die konsistorie moet vergader.***

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE



**27 November 2022**
**Suniska Pettitt**
**Susan Pettitt**
**Alta Pretorius**
**Elmarie Swanepoel**
**Amri v Aarde**

**4 Desember 2022**
**Anerique vd Walt**
**Erika vd Walt**
**Annatjie Venter**
**Corina Venter**
**Tialeen Venter**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## BYBELSTUDIE

Neem asseblief kennis dat ***Bybelstudie*** eers weer in die ***nuwejaar sal hervat***.
Hou die Basuin dop vir datums.





# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 28 Nov | Corne du Plessis | 65 | B | 082 823 7487 |
| Di 29 Nov | Louiz Holtshausen | 69 | B | 073 160 9430 |
| Wo 30 Nov | Stephan du Plessis | 53 | B | 084 491 1165 |
| Vr 2 Des | Hennie Combrink | 37 | B | 073 318 8142 |
| Sa 3 Des | Melissa Oosthuizen | 31 | B | 082 488 7577 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 28 Nov 1987 | Gideon & Annemie de Klerk | 35 | 082 805 8947<br>082 806 3190 |

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*So baie het U, Here my God, gedoen*
*– u wonders en wat U vir ons beplan het.*
*Niemand kan met U vergelyk word nie.*
*Ek wil dit graag bekend maak,*
*en daaroor praat,*
*maar dit is te veel om op te noem.*
*Psalm 40:6*

# DOPPERDAGBOEK

Lidmate binne die gemeente wat:

- gekwalifiseerde **elektrisiëns, loodgieters, boukontrakteurs, of enige ander ambag** het; asook :
- gekwalifiseerde **onderwysers, boekhouers,** ens
- **kleremakers, kokke, bakkers, of enige persoon wat 'n talent of stokperdjie be-oefen** en wat die graag aan ander lidmate wil bekendstel of hulle dienste aan lidmate wil gee, word versoek om hulle besonderhede by die kerkkantoor te kom opgee.



- **Ons beplan om 'n databasis op te bou van lidmate met vaardighede wat hulp kan verleen aan lidmate binne die gemeente.**
- **Die Dopperdagboek sal kwartaaliks in die Basuin verskyn.**

# ALMANAK 2023 EN ANDER KERK PUBLIKASIES

**Lidmate wat die Almanak 2023 wil bestel moet asb hulle name op die lys plaas agter in die portaal.**



Daar is slegs **45 Almanak 2023 boeke beskikbaar**.

Die Almanak se koste is **R100.00 per eksimplaar.**

Ander kerk publikasies soos:
Die Kerkblad;
Slingervel;
Dordt in kort;
Evangelsasie en Herlewing (lesse vir Suid-Afrika);
Johannes Calvyn - Kommentaar Efesiërs;
Asemskeppunte en vele ander kan nou by die kerkkantoor bestel word.

# GELOFTEFEES 2022



# PROGRAM

## DONDERDAG 15 DESEMBER 2022
Aankoms en kamp opslaan

## VRYDAG 16 DESEMBER 2022
*04:00* Saluutskote
Gewyde sang en Boekevat in die feeshuis
*09:00* Vlaghysing
*09:10* Erediens
Prediker: Ds Richard van der Westhuizen
Pouse – 15 Minute
Jeug-spreker : Thari Wepener
Feesrede : Mnr Van Rooy van den Berg
Afsluiting : Sing van Stem (Vierde Vers)
*12:00* Bring en braai met pap en sous.
Bring asseblief u eie vleis, eetgerei en stoele.

## SATERDAG 17 DESEMBER 2022
*09:00* Boeresport inskrywings by die boma
Algemene jaar vergadering
Boeresport
*18:00* Prysuitdeling by die feeshuis

## SONDAG 18 DESEMBER 2022
*8:00* Erediens in Feeshuis.
Kamp opslaan en vertrek.

# Padkaart




## Aanwysings:

*Ry ongeveer 15km op die ou Potties/ Mokopane pad en draai dan links op die R519 afdraai .
*Ry ongeveer 26km op die R519 tot die Rietvlei bordjie verskyn
*Draai dan regs op die Rietvlei grondpad.
*Ry dan ongeveer 3km op die grondpad totdat die Geloftefees ingang aan die regterkant verskyn.

## Strydpoort Geloftefees Komitee

Facebook: www.facebook.com
( Soek onder Strydpoort Geloftefees)
Wikus 064 625 1623
Anneke 082 717 2661

Deo Gloria
SIGNS & PRINTING
082 579 0650

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: "Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan."*

*Lukas 2: 34 - 35*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS